Oppad na ’n ander ons

Baie is al gesê en geskryf oor wie die Afrikaanssprekende “ons” is, en daarmee saam is daar al talle definisies gegee en vereistes gestel vir Afrikanerskap. Vele pogings is ook al aangewend vanuit albei kante van ’n steeds verdeelde Afrikaanssprekende gemeenskap (bewys deur die nodigheid vir ’n debat hieroor) om hierdie twee groepe nader aan mekaar te bring, met mindere of meerdere sukses.

Waar staan die Afrikaanssprekende gemeenskap nou? Aan die een kant is daar die wit Afrikaanse groep, wat terloops minder as die helfte van die Afrikaanse moedertaalgemeenskap uitmaak, dink dat die ander helfte van die Afrikaanse moedertaalsprekers nadergetrek sal moet word ten einde Afrikaans te laat oorleef. Laasgenoemde groep, weer, vertrou nie noodwendig die vrede nie en is ook nie lus om gebruik te word nie.

Wat is dan die skeidslyne wat hierdie taalgemeenskap steeds skei? Breedweg dat die een deel van hierdie gemeenskap bang is hulle moet te veel afstaan en die ander traag is om op te eis wat in elk geval hulle s’n is – dít natuurlik in die oë van hierdie wit Afrikaanse skrywer.

Maar miskien is dit juis ons probleem: Miskien moet ons meer konsentreer op raakvlakke as op skeidslyne. Ons moet ons Afrikaanse diversiteit sien as verrykend en die beste uit die twee gemeenskappe neem om die toekoms op te bou. Wat sou ek neem uit die een deel van die gemeenskap waartoe ek behoort? Ek sal veggees en oorlewingsdrang neem en dit voeg by die ander deel van die Afrikaanstalige gemeenskap se humorsin, lewensblyheid, mededeelsaamheid en die manier waarop hulle Afrikaans krink as eienskappe wat ek graag wil hê die “nuwe ons” moet hê. Ek sal graag wil hê dat kultuur gebruik word as ’n handleiding van hóé ons moet wees en nie soseer wie of wat ons moet wees nie.

Hoe nou gemaak? Hoe maak ons nou met ons gedeelde verlede en toekoms? Iets wat albei hierdie groepe sal moet hê, is geduld. Geduld met die een helfte wat in ons verlede verontreg is op ’n skaal en wyse waarvan mense wat nie aan die ontvangkant was nie, geen benul kan hê nie. Geduld met die ander helfte (altans ’n groot deel van hulle) wat tog met woorde en dade probeer om die verlede dood te leef terwyl hulle ook veg om te behou wat vir hulle belangrik is.

Ek is oortuig daarvan dat mense mekaar die beste leer ken deur saam te werk aan saakmakende dinge soos byvooreeld ’n gesamentlike poging om mense te oortuig om meer te lees. Dit sluit volwassenes en kinders in. Die sukses van so ’n poging sal afhang daarvan of ons byvoorbeeld daarin kan slaag om ’n effektiewe netwerk van kinders, ouers, opvoeders, onderwysinstellings, uitgewers, boekwinkels, sakelui, ens. kan mobiliseer tot voordeel van ons hele gemeenskap. Ons het niks waarvoor ons hoef te wag nie. Ons moet dit net doen.

Met ons dade sal ons dan ons kinders oortuig dat ons dink dat Afrikaans die moeite werd is. Hierdie soort gesamentlike optrede stel nie voorwaardes nie en verduur nie skeidslyne nie.

Amanda de Stadler